Oordenking
15 Februarie 2017

Emosies, sommige is goed en ander vernietigend.

Emosies kan baie sterk wees – en vernietigende emosies is dikwels uiters moeilik om te hanteer.
Daarom moet ons luister na 2 Korintiërs *4:7-10: In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. Voortdurend word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word.*

God is sterker as ons gevoelens. Die onbeskryflike grootheid van krag kom nie van ons af nie, dit is van God. Dit is ons geloofsgemeenskap met die Here wat die leiding behoort te neem in ons persoonlikheid, die rigting van ons lewe, ons doelwitte en ons drome. Geloof in God, vertroue op God en gehoorsaamheid aan God behoort ons te begelei, sodat God se gedagtes ons kan red van ons eie selfvernietigende gevoelens.

As ons op die Here vertrou en op Hom wag sal dit ons in staat stel om saam met Paulus te kan sê: *"ons word verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie."*
Al het die dood en lyding van Jesus 'n deel van ons aardse bestaan gebly, manifesteer die lewe van Jesus in ons en skenk aan ons beheer oor ons emosies.

Dit is goed en gesond om ons emosies te hanteer. Ons mag nie onafgehandelde hartsake toelaat om ons te teister nie.
Ons moet groei totdat geloof die leiding neem in ons emosies en ons die vryheid het om kragtig wyse besluite te neem.

Paulus se woorde in 2 Korintiërs 4: 7 – 10 leer dat dit moontlik is om selfs onder moeilike omstandighede in beheer van ons gevoelens te wees.
Te midde van die moeilikste uitdagings en teleurstellings was Paulus sterk in die Here. Maar dit alles begin met geloof in God. Dit begin met totale en absolute vertroue in Jesus.
Dit begin wanneer ons voluit vir Hom begin lewe.